# HOOFSTUK 3

## *'N OORSIG TOT ONGEVEER 1892 VAN DIE VESTIGINGSPATRONE VAN DIE VROEë SWART NEDERSETTERS IN VEREENIGING SE OMGEWING*

### 3.1 'N OORSIG VAN DIE VROEë GESKIEDENIS VAN DIE SWART STAMME IN SUIDELIKE AFRIKA

Die swart stamme van Suider-Afrika behoort tot die Negroïede rassegroep van Afrika. Hierdie rassegroepe het vanuit die noordelike dele van Afrika na suidelike Afrika getrek. Kennis aangaande die waarskynlike herkoms en vroeëre geskiedenis van hierdie swartes berus op interdissiplinêre studies. Hierdie benadering noodsaak die gebruik van wetenskappe soos die Argeologie, Linguistiek en Antropologie. Uiteenlopende standpunte oor die herkoms en migrasiepatrone van die vroeë swart stamme kom in hierdie vakterreine voor.[1]

Op grond van mites, legendes, verskeie wetenskaplike teorieë en linguistiese navorsing word Wes-Afrika as die moontlike herkomsgebied van die swart stamme beskou. Verder dui mondelinge oorleweringe daarop dat die voorouers van sommige van die swart groepe van suidelike Afrika ook in die meregebied van Oos-Afrika woonagtig was.[2] Hierdie stelling word deur taalkundige ooreenkomste en ooreenkomste in tradisionele gebruike tussen die swartes in Suid-Afrika en die huidige bewoners van daardie gebiede bevestig.[3]

Hierdie gebiede is reeds teen 500 tot 400 v.C. deur mense, wat die kuns van ysterbewerking en -benutting bemeester het, bewoon. Die bemeestering van hierdie vaardighede het hulle in staat gestel om hul omgewing beter te beheer en om 'n immigrasietog na die suide te onderneem.


Hierdie mense uit die Ystertydperk het in opeenvolgende golwe geleidelik suidwaarts beweeg. Die tempo waarteen hierdie suidwaartse migrasie plaasgevind het, is waarskynlik deur bevolkingsgroei bepaal. Argeologiese bewyse dui daarop dat hierdie mense reeds teen 400 n.C. in suidelike Afrika gevestig is. Teen 700 n.C. was hierdie voorhoede so ver suid as die teenswoordige Transkei gevestig. 'n Bron van inligting oor hierdie vroeë

---

1 Vgl. R. Cornwell, "'Origins' of the Sotho-Tswana peoples and the history of the Batswana", ***Africa Insight***, vol. 18, no. 2, 1988, p.96.

2 Vgl. J.L. van der Walt, "Die oorsprongsgeskiedenis van die Bantoetaalsprekende mense van Suider-Afrika ...", pp.236-242

3 J.S. Bergh & A.P. Bergh, ***Stamme en ryke***, p.7.




**Kaart no. 3.1: Difaqane**

Bron: J.S. Bergh & A.P. Bergh, *Stamme en ryke* (Kaapstad, Don Nelson, 1984).

teenwoordigheid van swart groepe in suidelike Afrika is die ooggetuieverslae wat deur seevaarders en skipbreukelinge nagelaat is. Voorbeelde hiervan is die inligting wat skipbreukelinge van die Santo Alberto (1593) en die Stavenisse (1686-1688) verskaf het oor swart stamme wat hulle aan die ooskus van Suid-Afrika ontmoet het.

Hierdie swart mense wat na suidelike Afrika geëmigreer het, het onder meer die volgende volksgroepe ingesluit: Nguni, Sotho, Venda, Tsonga, Shana, Ovambo en Herero.[4]

## 3.2 DIE IDENTIFISERING VAN DIE SWART GEMEENSKAPPE IN SUID-AFRIKA

Volkekundiges verdeel die swart bevolkings van Suid-Afrika in die Nguni- en die Sotho-volksgroepe. Die Nguni woon in die oostelike en suidoostelike dele van Suid-Afrika. Oorspronklik het die Sotho 'n eenheidsgroep gevorm, maar met verloop van tyd in die volgende drie groot Sotho-vertakkings verdeeld geraak, naamlik die Wes-Sotho of Tswana, Noord-Sotho (of Pedi) en die Suid-Sotho. Hierdie groepe het weer in 'n verskeidenheid van kleiner gemeenskappe verdeel soos onder meer die Rolong, Hurutshe, Kwena, Fokeng en Kgatla.[5] Elk van hierdie vertakkinge het mettertyd verskeie groter en kleiner verwante groepe gevorm wat weer in talle kapteinskappe onderverdeeld geraak het. Teen die einde van die agtiende eeu het die Sotho die huidige Botswana, die grootste deel van Transvaal, die hele Vrystaat en dele van Noord Kaap bewoon.[6]

Argeologiese kenners dui daarop dat mense van die Laat Ystertydperk reeds in die elfde eeu in die suidelike dele van Transvaal teenwoordig was. Teen die vyftiende eeu was die gebied tussen die Vaalrivier en die bo-lope van die Marico- en Limpoporiviere reeds relatief dig bewoon en kan die mense op grond van argeologiese getuienis reeds breedweg as die volgende Sotho-sprekende vertakkings geïdentifiseer word.[7]

### *3.2.1 DIE FOKENG*

Hierdie groep het hulle sedert die Laat Ystertydperk noord van die Vaalrivier gevestig.[8] Die Dighoya het waarskynlik saam met hierdie bogenoemde groep gevestig geraak. Presies wanneer die Fokeng hulle noord van die Vaalrivier gevestig het, is nie seker nie. Hulle word

4 J.S. Bergh & A.P. Bergh, *Stamme en ryke*, p.7.

5 Kyk kaart no. 3.1, p.37(a).

6 W.F. Lye & C. Murray, *Transformations on the Highveld: the Tswana and Southern Sotho*, pp.24-28.

7 H.J. van Aswegen, *Die geskiedenis van Suid-Afrika ...*, p.68.

8 Kyk kaart no. 3.1, p.37(a).

egter met bewoners van Suid-Transvaal verbind, wat teen die elfde en twaalfde eeu reeds in hierdie gebied gevestig is.[9]

## 3.2.2 DIE HURUTSHE

Die sogenaamde Kwena-Hurutshe was die laaste en waarskynlik die grootste sub-groep van die Tswana wat omstreeks 1300-1400 n.C. in Suid-Afrika aangekom het. Hierdie groep het oor 'n baie wye gebied nedersettings gehad.[10] Die grense van hierdie landstreek in die suidwestelike Transvaal het, indien dit in 'n sirkelvorm beskryf word, vanaf die Sewemylspruit tot aan die Kliprivier naby Johannesburg en suidooswaarts na Heidelberg en suidwaarts na Vereeniging en Parys en weswaarts na Klerksdorp gestrek.

As gevolg van droogtes en hongersnood het hierdie stam omstreeks 1450-1500 n.C. in kleiner stamme verdeel.[11] Hierdie groep het volgens oorlewering Malope as stamvader gehad. Hy is deur sy seun Masilo opgevolg. Masilo en sy seun en hulle volgelinge het in die loop van die vyftiende eeu in die omgewing van die Witwatersrand gevestig. Na Masilo se dood het hierdie verwante groep in twee verdeel en die een groep, die Hurutshe, het hulle verder noord aan die bo-lope van die Maricorivier gaan vestig.[12]

## 3.2.3 DIE KWENA: WAT ONDERMEER IN DIE HUIDIGE VAALDRIEHOEK WOONAGTIG WAS

Die tweede afsplintering van Masilo se groep het as die Kwena bekend gestaan. Hulle het egter ook verdeel geraak. Die een tak het weer by die Hurutshe aangesluit. Die ander tak onder leiding van Mapo het suidwaarts oor die Vaalrivier getrek en hulle by 'n kaptein genaamd Ntsuanatsatsi gevestig, waar die Fokeng reeds woonagtig was. Die Fokeng het die Kwena vriendelik ontvang en hierdie twee gemeenskappe asook groepies Boesmans het 'n lang tyd as bure saamgeleef.

Vanweë die groeiende gemeenskap en toenemende veetroppe het rusies ontstaan. Uit hul oorlewering blyk dit dat die groepe weer verdeel geraak het. Hierdie toestand is waarskynlik

---

9 H.J. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Suid-Afrika*** ..., p.69.

10 R. Cornwell, "'Origins' of the Sotho-Tswana peoples ...", p.98.

11 J.J. Smit, ***Die geskiedenis van Heidelberg, Transvaal, 1836-1877*** (ongep. M.A.-verhandeling, UNISA, 1958), p.9.

12 H.J. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Suid-Afrika*** ..., p.70.

deur 'n ernstige droogte op die spits gedryf. Hierdie groepe het besluit om te trek en weer suidwaarts oor die Vaalrivier getrek terwyl een faksie in Transvaal agter gebly het.[13]

Die Kwena was nie alleen een van die sterkste Sotho-gemeenskappe nie, maar ook een van die mees oorlogsugtigste. Die onderskeie kapteins en onderkapteins was voortdurend in 'n magstryd gewikkel en aangrensende Sotho-gemeenskappe het ook onder hulle strooptogte deurgeloop. Die gevolg van die voortdurende oorloë was dat dit 'n groot mate van onstabiliteit meegebring het, nie slegs vir die Kwena nie, maar vir die hele gebied waar hulle gevestig was.

Die Kwena het later weer tot noord van die Vaalrivier teruggekeer en hulle in die omgewing van die huidige Heidelberg gevestig. In hierdie omgewing het die Kwena lank vertoef.

Navorsing deur die Universiteit van die Witwatersrand (onder andere deur R.J. Mason[14]) in die Suid-Transvaalse randjies, het aan die lig gebring dat die oorblyfsels van krale in die Suikerboschrandgebied, soos wat by Boschhoekvakansieplaas naby Meyerton te sien is, Tswana nedersettings was (waarvan die Kwena afstammelinge was). Tien duisende swart mense was in hierdie randjiesgebied tot in die Parysomgewing gevestig.[15]

Vereeniging se omgewing waar etlike riviere saamloop en waar volop wild en goeie gras vir veetroppe voorgekom het, was uiteraard 'n gesogte vestigingsplek vir hierdie rondtrekkende stamme.

Die kultuuraktiwiteite van hierdie mense word vervolgens beskryf.

## 3.3 KULTUURAKTIWITEITE

### *3.3.1 KLEREDRAG*

Die Kwena of Sotho het nie geweefde kledingstukke gedra nie. Hulle het leerklere en leersandale gedra. Hulle komberse is ook van saggemaakte diervelle gemaak.[16]

---

13 Vgl. R. Cornwell, "'Origins' of the Sotho-Tswana peoples ...", p.98.

14 H. Friede, "Food economy of the Iron Age people living at the Witwatersrand", ***Trees in South Africa***, vol. 39, no. 3, October 1987-March 1988, p.36.

15 R.J. Mason, ***Origins of the black people of Johannesburg and the Southern Western Central Transvaal***, p.616; H.J. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Suid-Afrika ...***, pp.70,71.

16 R.J. Mason, ***Origins of the black people of Johannesburg ...***, p.616.

## 3.3.2 HANDEL

Hulle het ornamente van koper, yster en selfs blik gedra, wat hulle "wit yster" genoem het. Ander ornamente is van hout, volstruiseierdoppe, leer en been gemaak.

Verder het hulle ruilhandel met besoekers wat hulle gemeenskappe besoek het, gedryf. Handelaars het van gemeenskap tot gemeenskap gereis en koperstawwe, vir beeste, skape of bokke verruil. Dié koperstawwe is gebruik om krale, armbande en ringe te maak.

Dit is interessant om op te merk dat die Kwena-krale in Heidelberg (Suikerboschrand) en omgewing nie koper- en ystersmelterye gehad het nie. Die handelaars het die koper en yster van Lonehill-Uitkomst distrik, waar 'n yster- en kopersmeltkompleks was gekry en dan in genoemde omgewing handel gedryf.[17]

## 3.3.3 HUISVESTING

Die Kwena's het baie gemaklike huise gehad wat van kleimure en -vloere gemaak is. Hulle was ook die eerste mense in Afrika wat van glydeure gebruik gemaak het. Die oorblyfsels hiervan is by Boschhoekvakansieplaas naby Meyerton te sien. Hulle het ook nie beddens of stoele gehad nie, maar het wel lae klei tafels gebruik.

Vanaf ongeveer 1500 het hulle begin om klipmure om die klein dorpies of nedersettings te bou. Teen nagenoeg 1800 is duisende klipmure regoor die hele Transvaal om hierdie dorpies gebou ('n bewys hiervan kan ook by Boschhoekvakansieplaas gesien word). Die veekrale wat ook van klip- of steenmure gebou is vir die beeste, skape en bokke, het op die veiligste plekke, in die middel van die dorpies, voorgekom. Sommige dorpies het in die middel waar die beeste aangehou is spesiale hutte net vir die mans gehad, waar hulle sosiaal verkeer het en bier gedrink het.[18]

## 3.3.4 LANDBOU EN VOEDSEL

Al hulle kookwerk is in kleipotte gedoen. Hulle het geen metaalpotte of borde gehad nie. Hulle het ook hulle water of melk in groot kleipotte gestoor.

Graan soos koring is in graanskure buite hulle huise gestoor. Elke familie het sy eie graanskuur gehad en daar was vermoedelik geen gemeenskaplike graanskure nie. Hulle het geen vrugtebome aangeplant nie, maar het 'n groot verskeidenheid wilde plantvoedsel bymekaar gemaak.

---

17 R.J. Mason, ***Origins of the black people of Johannesburg ...***, p.616.

18 R.J. Mason, ***Origins of the African people of the Johannesburg area***, p.83.

Jag was verder 'n belangrike voedselbron. Hulle het ook groot troppe bokke en beeste gehad. Skape en bokke het egter nie so 'n groot deel van hulle diëet uitgemaak soos wild en beeste nie. Wild en beeste het ongeveer 93% van hulle vleisdiëet uitgemaak.[19]

## 3.3.5 FAMILIEBANDE

Die kern van die Sotho-gemeenskap was die familie se huishouding wat uit die man, vrou, kinders en kleinkinders bestaan het. Senioriteit in die familie het by die vader as gesagsfiguur berus. Uit die saamgroepering van enkele verwante families is 'n verwante groep opgebou met 'n gemeenskaplike stamvader as gesagsfiguur vir die groep.[20]

## 3.3.6 SAMELEWINGSTRUKTUUR

In die dorpies het die mense gewoonlik in verwante groepe saamgewoon. 'n Klein dorpie kon uit 'n enkele verwante groep, byvoorbeeld 'n honderd inwoners, bestaan het. Groter dorpe het verskeie verwante groepe gehuisves wat soms 'n getalsterkte van tot tienduisend inwoners gehad het. Hierdie verwante groepe het elk 'n aparte administratiewe eenheid, bekend as 'n wyk, in die dorpe gevorm. In die groot dorpe het verskeie wyke voorgekom, elk met sy eie hoofman en elk verantwoordelik vir sy eie administrasie, regspleging en ander aangeleenthede van belang vir die handhawing van wet en orde in die bepaalde wyk. Die hoofman van die wyk het gewoonlik sy raadslede (die hoofde van die vernaamste families) byeengeroep om te vergader om die bestuursaangeleenthede van die wyk te bespreek. Die hoofmanne was vir hul dade aan die kaptein verantwoordelik en die hoofmanne van die onderskeie wyke het gewoonlik 'n raad gevorm om die kaptein by te staan.[21]

In die Sotho-gemeenskap het nie alle lede dieselfde status gehad nie. Op die familievlak was die vader, soos reeds genoem, die senior persoon en sy vroue het ook 'n bepaalde senioriteitsrangorde beklee. Die senioriteitsbeginsel het ook in die verwante groepe gegeld. Verwante groepe wat hul afstammeling direk van die stamvaderlike lyn gehad het, het 'n bevoorregte posisie beklee en die heersersklas in die Sotho-gemeenskap uitgemaak. Die senior familie het meer status as die ander familielede gehad, wat byvoorbeeld 'n invloed op die plasing van hul hutte in die wyk gehad het. Hulle woonplek in die dorp was die sosiale en administratiewe kern van die gemeenskap.

---

19 R.J. Mason, ***Origins of the black people of Johannesburg ...***, p.617; vgl. ook H. Friede, "Food economy of the Iron Age people ...", pp.37,38.

20 H.J. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Suid-Afrika ...***, p.72.

21 Vgl. W.F. Lye & C. Murray, ***Transformations on the Highveld ...***, pp.88-90.

Die Sotho het nie 'n geslote samelewingstruktuur gehad nie en vreemdelinge is daarin opgeneem. Hulle het met die Khoisan in aanraking gekom en enkele Nguni-groepe het hulle ook in Sotho-gebiede kom vestig. Hulle het by tye met die Khoisan in konflik gekom, maar 'n groot mate van vermenging het ook plaasgevind.[22]

## *3.3.7 KINDEROPVOEDING*

Die onderrig van kinders was informeel en het 'n spesifieke patroon gevolg totdat die kinders hul laat tienerjare bereik het. Hierdie onderrig is met die kinders se inlywing as volwaardige stamlede voltrek. Die spesifieke ouderdom het aansienlik verskil omdat die inlywing slegs elke sewe jaar plaasgevind het. Manlike ingelyfdes is besny en het in 'n afgesonderde hut vir 'n tyd gebly. Gedurende hierdie tydperk is hulle formeel onderrig en aan verskeie ontberinge onderwerp voordat hulle weer by die gemeenskap as volwassenes aangesluit het. Die kaptein se seun het die leier van die ingelyfde groep gevorm wat ook 'n nuwe regiment gevorm het. Hierdie ingelyfde groep het ook 'n naam ontvang wat deur die kaptein gegee is. Dit was 'n naam wat 'n trots moes skep en het gewoonlik 'n geëerde aanspreekvorm vir die groep geword. Die lede van elke groep is ook net een keer ingelig met wie hulle mag trou.[23]

Die dogters se inlywing is tuis, weg van die oë van die res van die dorpie, gehou.[24] Ter aanvulling van die onderrig in huislike en seksuele gedrag is die dogters ook verskeie danse en tablo's geleer. Hulle het ook 'n klein operasie aan die binne dybeen ondergaan waar 'n merk aangebring is as 'n teken vir hul nuwe status. Hierdie dogters het ook vroulike regimente gevorm wat deur 'n lid van die koning se familie gelei is.[25]

## *3.3.8 GELOOF*

Daar is aan 'n allerhoogste wese genaamd Modimo geglo. Verder het die senior lid van elke familie, skape en selfs beeste en bier aan sy eie voorvadergeeste geoffer, wat gereeld tydens spesiale geleenthede aangeroep is. Behalwe sy eie voorvaders het elke familie ook sy kaptein se voorvaders erken. Tydens spesiale geleenthede het die kaptein namens al sy mense offers aan sy voorvaders gebring omdat hulle as eertydse regeerders steeds van belang van die mense geag is. Die kaptein was dus ook die hoofpriester. Die kaptein het ook 'n belangrike rol in die maak van reën gespeel. Sy bedrewenheid met hierdie saak het

---

22 H.J. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Suid-Afrika ...***, pp.72 e.vv.

23 Vgl. W.F. Lye & C. Murray, ***Transformations on the Highveld ...***, p.117.

24 Vgl. W.F. Lye & C. Murray, ***Transformations on the Highveld ...***, pp.124,125.

25 M. West, ***Abantu: an introduction to the black people of South Africa***, p.120.

sy gewildheid verhoog. Die kaptein het sommige van die reënmaak rituele self uitgevoer. Spesiale reënmakers is soms ook aangewys om hierdie taak uit te voer. Elke kaptein het sy eie afgekampte plek gehad waar hy sy reënmaak ritueel uitgevoer het. Dit was gewoonlik agter die hut van sy vernaamste vrou waar potte met reënmaak medisyne geberg is. Aan die begin van elke landbouseisoen is hierdie potte met water gevul en op die landerye gesprinkel om reën te bring. As dit nie gereën het nie is voorwerpe wat met water geassosieer is in dieselfde afgekampte plek verbrand en die medisyne in die potte is met nuwe bestanddele versterk.

Die Tswanas het 'n onderskeid tussen toordery en hekswerk gemaak. Hulle het geglo dat naghekse hoofsaaklik vrouens was wat kwaad en begerigheid beliggaam het. Daar is geglo dat hierdie hekse hulle in 'n verskeidenheid van rare aktiwiteite verheerlik het: dat hulle nakend vergaderings gehou het, lyke opgegrawe het en onderdaniges in diens gehad het. Hierteenoor is daghekse as towenaars gereken. Hulle was mense wat bewustelik gepoog het om hulle medemens meesal met die hulp van medisyne leed aan te doen.

Ten einde hulle van towenary en heksery te beskerm het die Tswanas na twee tipes toordokters gegaan. Die "gehoringde" dokters was hoofsaaklik op die gooi van dolosse vir voorspellings aangewese. Die "horinglose" dokters was op die persoonlike ondersoek van klante aangewese. Albei het kennis van medisyne gehad, maar het tog op een van die "vakgebiede" van toordokters gespesialiseer. Die suksesvolheid van hierdie toordokters het van die hoë agting wat hulle verkry het, afgehang. Hulle is ook deur die kapteins vir ander belangrike take soos die bestryding van siektes, die vestiging van nuwe krale, reënmakery, oorlogvoering en inisiasie praktyke geraadpleeg. So nou en dan is die verhewe wese Modimo vir ongelukke verantwoordelik gehou, maar gewoonlik is die voorvaders of 'n toordokter of 'n heks tot verantwoording geroep.[26]

## 3.3.9 REGSPLEGING

Daar was howe op elke vlak van die samelewingshiërargie met die reg om na die Hoërhof te appelleer. In ernstige gevalle het die laerhowe ontmoet om hulle van die feite te vergewis waarna die saak na die kaptein se hof verwys is. Oor die algemeen was die hofprosedure soos volg: die betrokke partye, hulle getuies en al die volwasse mans wat graag die hofverrigtinge wou bywoon het in die oggend by die kgotla (die hof) vergader. Die regter met sy assessore het voor gesit en na die mense gekyk. Prosedeerders is deur hulle families en vriende bygestaan en was vir die lewering van bewyse en getuies verantwoordelik. As 'n getuie versuim het om te verskyn is hy deur die hof gedagvaar en as hy dan nog nie verskyn

---

26 M. West, ***Abantu*** ..., p.130.

nie, het hy homself deur die hof strafbaar gemaak. Nadat die regter die saak bekend gestel het, is die klaer en die beskuldigde gevra om hulle saak te stel. Hulle is toegelaat om sonder onderbreking te getuig, waarna hulle deur die aanwesiges ondervra kon word. As die woordvoerder klaar gepraat het, is die getuies aangehoor en ondervra.

Die saak is daarna onder algemene bespreking geplaas en enige persoon is toegelaat om te praat. Na die algemene bespreking het die assessore een vir een die voor- en nadele ondersoek voordat die regter die saak finaal opgesom en sy uitspraak gelewer het. Straf het gewoonlik die vorm van 'n boete of lyfstraf aangeneem. Daar kon ook teen enige saak geappelleer word en dan is die hele prosedure herhaal. In so 'n geval is die eerste regter van die laerhof geroep om sy besluit te verantwoord. Omstandigheidsgetuienis en hoorsê was toegelaat maar het minder gewig gedra as die mees gunsteling getuie, naamlik die ooggetuies. Verder het die kennis van die getuienisse se algemene karakter die hof gehelp om die woorde van die getuienis te bepaal.[27]

## *3.3.10 KAPTEINSKAP*

As die kaptein (kgosi) sterf is hy deur die oudste seun van die hoofvrou opgevolg. As hy te jonk was om kaptein te word, is 'n vors wat gewoonlik 'n broer van die gestorwe kaptein of 'n ander familielid wat baie na aan die kaptein was as regent aangewys. Die kaptein is met groot respek behandel en het 'n verskeidenheid van magte, pligte en voorregte gehad.

Sy tradisionele rol het verskeie funksies ingesluit. Die religieuse rituele waarvoor hy verantwoordelik was het byvoorbeeld om die voorbereiding van die weermag in tye van oorlog gewentel, omdat 'n oorwinning bepalend vir die kapteinskap se voortbestaan was. In vroeëre tye het hy ook die weermag in tye van oorlog gelei. Hy het ook belangrike landbou en reënmakery seremonies gelei. Die mees belangrike hofsake is voor hom gehou en hy het appèl van laerhowe aangehoor. 'n Kaptein kon ook die doodstraf oplê, en kriminele oortreders verban. Twee ander belangrikste funksies was die vasstelling van grond en die regulering van ekonomiese aktiwiteite. Hy het ook toestemming gegee vir die hou van inisiasie seremonies en het daarna nuwe regimente georden.

Dit sou verkeerd wees om te dink dat die kaptein se magte onbeperk was. Sy doen en late is deur die waaksame oë van sy persoonlike adviseurs en raadgewers, wat hom bygestaan het, gade geslaan. Die kaptein het hierdie adviseurs uit die geledere van sy senior ooms en broers gekies. Hy het hierdie groepie privaat en informeel vir uitsprake in belangrike sake gekonsulteer. In sommige van die ryke het die kaptein 'n formele liggaam van al die wykshoofde, as raadsmanne, gekonsulteer. Gewoonlik is sake van algemene belang by 'n

27 M. West, *Abantu* ..., p.22.

pitso of algemene vergadering bespreek, wat oop was vir alle volwasse mans in die betrokke stam. Hierdie algemene vergadering is in die vergaderplek van die kaptein, die kgotla, gehou.

Hierdie pitso was 'n waardevolle manier om die publiek se mening te meet en elkeen teenwoordig het vryheid van spraak geniet. Sommige leiers is somtyds erg gekritiseer tydens hierdie vergaderings en soms is hulle selfs oorstem. 'n Streng protokol het tydens hierdie vergadering gegeld. As die kaptein gearriveer het, het almal opgestaan waarna die sakelys vir die vergadering aangekondig is. Almal wat teenwoordig was het in 'n halwe sirkel gesit en na die kaptein gekyk. Die adviseurs, hoofmanne en ander vooraanstaande leiersfigure het langs die kaptein gesit.

Die vergadering het begin met die standpunte wat deur die adviseurs en hoofmanne gestel is. Hierna kon enige teenwoordige lid sy standpunt stel. Na 'n deeglike bespreking het die seniors hulle opinie gestel en dan het die kaptein sy finale uitspraak gelewer. Gedurende die verloop van die verrigtinge kon hy die algemene gevoel redelik akkuraat bepaal en volgens die meerderheidsgevoel optree. In teorie kon hy die wense van die meerderheid ignoreer, maar in die praktyk was dit gevaarlik. 'n Gesagvolle leier kon moontlik die meerderheid se gevoel verwerp, maar meestal kon hy slegs deur die samewerking van sy adviseurs en hoofmanne regeer. Indien die kaptein te outokraties opgetree het, of as daar gemeen is dat hy swak regeer het, kon hy deur sy eie mense beboet of ontslaan word.

Onder die kaptein was daar 'n duidelike hiërargie van leiers wat gesag uitgeoefen het. Elke wyk, gemeenskap of familie het sy eie oorgeërfde hoofman gehad wie se verantwoordelikhede die handhawing van orde, die aanhoor en beoordeling van geskille, en die organisering van gemeenskapsaktiwiteite ingesluit het. Die hoofman is soos die kaptein deur 'n klein groepie adviseurs bygestaan. Tydens groter vergaderings is hy deur alle volwasse mans bygestaan. Hoofmanne is volgens 'n bepaalde rangorde gegradeer. Die familiehoof moes aan die wykshoof verantwoording doen, die wykshoof moes op sy beurt aan die dorps- of seksiehoof verantwoording doen, en laasgenoemde het direk aan die kaptein gerapporteer. Hierdie leiersfigure was die woordvoerders van hulle mense en het die taak gehad om na hulle belange om te sien. Terselfdertyd moes hulle ook die bevele van hulle owerstes gehoorsaam anders het hulle die risiko geloop om deur die kaptein gestraf of ontslaan te word.[28]

---

28 M. West, ***Abantu*** ..., pp.121,122.

### *3.3.11 HUWELIKSLUITING*

Soos onder Sotho-groepe het die Tswanas huwelike tussen die eerste neef en niggie aangemoedig. Gunsteling huwelike was tussen 'n man en niggie aan moederskant, alhoewel huwelike met die vader se broer se dogter ook aanvaarbaar was. Afgesien van hierdie voorkeure het die meerderheid Tswana-mans met vrouens getrou met wie hulle geen familiebande gehad het nie. In die geval van 'n man se eerste huwelik is reëlings deur die betrokke families getref en gewoonlik is hierdie eerste vrou deur sy familie gekies, terwyl die daaropvolgende huweliksmaats die man se eie keuse was. Kinderverlowing het ook voorgekom. Hierdie huwelike het gewoonlik na die inisiasie en inlywing by die onderskeie ouderdomsregimente plaasgevind.

Nadat daar ooreengekom is oor die huwelik deur beide families, is 'n bruidskat aan die dogter se ouers oorgedra. Hierdie bogadi, soos dit genoem is, het bestaan uit 'n aantal beeste terwyl skape nou en dan daarby ingesluit is. Die hoeveelheid van die bogadi is deur die bruidegom se ouers vasgestel en dit was nie debatteerbaar nie. Die bruid se ouers kon protesteer indien hulle die bogadi onvoldoende vind, maar as die bruidegom se ouers koppig bly kon hulle niks daaraan doen nie. Die beeste is in een trop oorhandig, daar was nie 'n sisteem van paaiemente nie.

Hierdie bogadi het 'n huwelik geformaliseer alhoewel die paartjie gewoonlik in 'n verbintenis wat nie wetlik erken is nie saamgebly het, voordat die beeste oorhandig is. 'n Aanstaande bruidegom is toegang tot sy vrou se hut verleen terwyl sy nog saam met haar ouers gewoon het. Die bruidegom is daarna toegelaat om met sy vrou by haar woonhuis te slaap solank hy net bedags na sy eie woonhuis terugkeer. Hierdie proses het net gewoonlik vir 'n paar dae aangehou maar partykeer het dit voortgeduur totdat die dogter swanger was. Hierdie tradisionele vorm van huweliksluiting is op aandrang van die vroeëre sendelinge verwerp. Huwelike wat deur godsdienstige of siviele seremonies ingestel is en deur tradisionele feeste opgevolg is, het die norm geword. Afgesien van die sendelinge se invloed het die oordra van bogadi steeds voorgekom.[29]

'n Man se eerste huwelik is deegliker georganiseer en het met 'n groter feestelikheid gepaard gegaan as die daaropvolgende huweliksluiting. Die neem van 'n tweede vrou was 'n kleiner plegtigheid wat ooreenkomste, die oordra van bogadi en kleiner feesvieringe ingesluit het. As die man meer as een vrou gehad het is hulle volgens hul rangorde in die huwelik geklassifiseer. Die eerste vrou was die senior of vername vrou. Haar oudste seun was dan

---

29 Vgl. W.F. Lye & C. Murray, ***Transformations on the Highveld ...***, pp.115-120.

ook die erfgenaam van sy vader se besittings en die oudste seun van elke vrou het ook die eiendom van sy moeder se "huis" geërf.[30]

### *3.3.12 KONFLIKTE*

Die kapteinskappe was voortdurend met mekaar in oorlog gewikkel. Die hoë mate van konflik spruit waarskynlik uit twiste tussen verskillende kapteins, die stryd om opperheerskappy in 'n bepaalde gebied, wedywering om beheer oor die natuurlike hulpbronne soos water en weiding, asook die sug na mag deur sekere kapteins. Die voortdurende konflikte, saam met gereelde verdelings, het verswakkend op die Sotho-gemeenskappe ingewerk en 'n mate van onstabiliteit in die Hoëveldstreke meegebring.[31]

## 3.4 DIE ONTVOLKING VAN TRANSVAAL

Die Tswanas wat in Vereeniging en omgewing gewoon het, soos onder andere by Boschhoekvakansieplaas, het nie vir altyd hier gewoon nie. Hulle was ook nie hier toe die eerste blankes in hierdie omgewing aangekom het nie. Hiervoor is verskeie faktore verantwoordelik. Faktore soos stamverdelings, droogtes, onenigheid oor leierskap het meegebring dat die Tswanas na ander plekke getrek het.

Dit was egter nie net bogenoemde faktore wat 'n rol in die ontvolking van die binneland gespeel het nie. 'n Ander baie belangrike bydraende faktor was die langdurige stryd tussen volksgroepe waarin 'n strategie van uitwissing gevolg is. So byvoorbeeld het 'n swart stam, die Mantatese, noord van die Vaalrivier al die swart stamme wat hulle in die gebied aangetref het, uitgemoor en krale vernietig. Daar word gemeen dat Mantatese tussen 28 en 30 swart stamme op dié wyse uitgemoor het voordat hulle uiteindelik deur die Bangwaketsi-stam verslaan is.


Hierdie tydperke van oorheersing is deur nog 'n tydperk van moord en uitwissing opgevolg. Hierdie opvolgende veldtog is deur die Matabeles, 'n vlugtende afsplintering van die Zoeloe-nasie van Shaka geloots. Geen lewende wese is deur die Matabeles in sy tog van Zoeloeland na die binneland, onaangeraak gelaat nie. Dit was hul kaptein Silkaats se doel om 'n groot woestyn tussen homself en Shaka te skep.[32] Silkaats het ook onder andere groot verwoesting onder die Kololo, Kwena (wat in Vereeniging en omgewing woonagtig

---

30 M. West, ***Abantu*** ..., p.121.

31 H.J. van Aswegen, ***Die geskiedenis van Suid-Afrika*** ..., p.73.

32 F.J. Potgieter, "Die vestiging van die blanke in Transvaal, 1837-1886: met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing", A. Kieser (reds.), ***Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis***, jg. 21, vol. 2, p.15.




**Kaart no. 3.2:** **Mantatese**

Bron: W. Grönum, ***Die Difaqane: oorsprong, ontplooiing en invloed op die Tswana*** (ongep. M.A.-verhandeling,

was), Taung, Rolong en Hurutshe gesaai. Hierdie aanvalle onder die verskillende Tswana-stamme het wydverspreide chaos veroorsaak. Mense het gevlug, sommige stamme is totaal uitgewis en ander het weer in ander omgewings gehergroepeer.[33]

Hierdie tydperk van moord, uitwissing en verwoesting het in die Ngunitale as die Mefecanetydperk bekend gestaan. Hierdie tydperk het langs die ooskus van Suid-Afrika ontstaan. Die binnelandse Sotho-stamme wat ook hierdeur geraak is het na hierdie onrus en oorloë as die Difaqane verwys.[34]

Bogenoemde tydperk het nie net uit 'n reeks uitdelgingsoorloë bestaan waartydens stamme mekaar uitgewis en groot menseslagtings plaasgevind het nie. Dit was ook 'n sosiale, politieke en militêre revolusie in die geledere van die swart volke van Suid-Afrika, waarvan die herinneringe vandag nog voortleef. Hierdie tydperk het al in 1820 'n aanvang geneem. Voortvlugtende swart stamme het as gevolg van die aanslae van Shaka vanuit Natal die binneland ingetrek.[35]

Hierdie gekompliseerde tydperk van onrus het 'n destruksieproses tot gevolg gehad wat groot dele van Transvaal reeds teen omstreeks 1827 ontvolk gelaat het.[36] Matabeles en hul afhanklikes was in die distrikte Marico, Rustenburg, Pretoria en noordwaarts in die omgewing van die Waterberge en Soutpansberg woonagtig. Die Matabele het dus nie aan die Suikerboschrante (Heidelberg en Vereeniging) gewoon nie. Hulle was in der waarheid, na afloop van die uitroeiingstogte van die Mantatese, vir die totale ontvolking van hierdie streek verantwoordelik.

Die Voortrekkers se binnetog in Transvaal het met die Trichardt en Van Rensburg trekke in April 1836 plaasgevind. Hulle het byna die hele suidwestelike dele van Transvaal in 'n verlate wildernis gevind. In Junie 1836 het die Potgieter-Cillierskommissie in hierdie groep Voortrekkers se spore gevolg.

Dieselfde het ook vir die Suikerboschrandomgewing gegeld. Die grondgebied in die omgewing van die Suikerboschrand was voor Trichardt se koms alreeds ontvolk. Dit was juis om hierdie rede dat die Voortrekkerleiers dit veilig geag het om hulle laers aan die

---

33 W. Grönum, ***Die Difaqane: oorsprong, ontplooiing en invloed op die Tswana*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1987), pp.72-120; M. West, ***Abantu*** ..., p.119.

34 J.S. Bergh & A.P. Bergh, ***Stamme en ryke***, pp.18,19.

35 E.A. Eldredge, "Sources of conflict in Southern Africa, c. 1800-30: the 'Mfecane' reconsidered", ***Journal of African History***, vol. 33, 1992, pp.1-3; J.H. Moolman & G.M.E. Leistner, ***Bophuthatswana: hulpbronne en ontwikkeling***, deel 1, p.4.; kyk kaart no. 3.2, p.48(a).

36 Vgl. C. Saunders, "Conference report: Mfecane afterthoughts", ***Social Dynamics***, vol. 17, no. 2, December 1991, p.175.

Suikerboschrand te laat, terwyl hulle die tweede strafekspedisie teen Kapain onderneem het.[37] Trekboere en Voortrekkers het hulle omstreeks 1823-1827 in hierdie omgewing bevind. Getuienis dat Trichardt en Van Rensburg geen bevolking aangetref het voordat hulle by die Olifantsrivier gekom het nie, is verdere bevestiging vir die ontvolkte toestand van hierdie Heidelberg-Vereenigingomgewing. Dit spreek eintlik vanself dat Silkaats, wat deur hierdie omgewing moes getrek het tydens sy vlug vir Shaka, geen bevolking sou nagelaat het nie, omdat hy soos reeds genoem, 'n onbevolkte grondgebied tussen hom en Shaka wou skep.[38]

Hierdie ontvolking van Transvaal deur die swartes het nie na die Difaqanetydperk so gebly nie. Die swart mense het met die koms van die blankes in 1836 weer permanent in hierdie omgewing gevestig geraak.

## 3.5 SWART VERSTEDELIKING IN DIE VAALDRIEHOEK

Met die koms van die blankes in die Vereenigingse omgewing was daar dus min swartes aanwesig. Volgens Ramou Lewis Leigh was 'n swart man genaamd Wildebeest die eerste permanente inwoner gedurende hierdie blanke vestigingsfase van Vereeniging.

Die legende lui dat Wildebeest, 'n suigeling seuntjie, en sy moeder voor Silkaats gevlug het. Sy het haar en die seuntjie in 'n grot versteek. Later het die moeder omgekom en die diere van die veld het die seuntjie versorg.

Die Trekboere het die gebied begin bewoon, en een van hulle het die kind aangeneem. As jong man het hy een van die betroubare wapendraers van Paul Kruger geword.

Wildebeest het hom op 'n sandkliphoogtetjie op die wal van die Kliprivier, omtrent 'n myl bokant die samevloeiing van die Vaalrivier gevestig. Teen 1891 was Wildebeest 'n ou man.[39]

Die ontvolking van swartes in hierdie gebied voor die koms van die blankes was egter nie blywend van aard nie. Na die koms van blankes in die binneland, ook in die gebied van Vereeniging, het die swartes weer teruggekeer en hulle permanent begin vestig.

Die ontdekking en ontginning van steenkool in Vereeniging het 'n groot vraag na swart arbeid laat ontstaan. Hierdie ontginning van steenkool het aanleiding gegee tot 'n hele

---

37 J.J. Smit, ***Die geskiedenis van Heidelberg*** ..., p.14.

38 J.H. Moolman & G.M.E. Leistner, ***Bophuthatswana*** ..., p.5.

39 R.L. Leigh, ***Vereeniging: South Africa***, p.12.

industriële- en handelsontwikkeling wat die vraag na swart arbeid en derhalwe gepaardgaande verstedeliking nog verder verhoog het.[40]

## 3.6 GEVOLGTREKKING

Die vestiging van die swart mense in hierdie gebied het 'n beskawing met 'n ryke kultuurverskeidenheid tot gevolg gehad. Konflikte en droogtes het tot die ontvolking van die gebied gelei en veroorsaak dat die Voortrekkers bykans 'n verlate wildernis gevind het wat hulle kon beset.

---

40 J.T. Louw, ***Naturelle en lokasies onder die beheer van ...***, p.14.



**Kaart no. 4.1: Plaasbesettings**

Bron: Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, Kaartafdeling, verw. S/3/1974: Vereeniging en omgewing, ca. 1899.